



Vereniging vir Voorskoolse Opvoeding en Sorg  
Association for the Education and Care of Young Children

✉ P.O. Box 15890, Lyttelton, 0140

☎ 012 667 2028

📠 086 642 5855

@ info@vvos.co.za

🌐 www.vvos.co.za / www.aecyc.co.za

📘 @aecyc

🐦 @AECYCecd

## Omsendbrief nr 2 van 2020, 25 April 2020

Die volgende vrae is van lede ontvang en die rlyne vir die antwoorde is deur Mnr JP Dickinson van Workplace Law verskaf:

**Wat is die sentrum/ hoof se regte as 'n ouer nie betaal omdat hul nie kan nie?** Verlies in inkomste is 'n groot probleem omrede ouers nie betaal nie, wat 'n massiewe effek op die kleuterskool het. Dus sal die skool moet opvolg met ouers en 'n besluit maak aangaande die Werkloosheidsversekeringfonds (WVF) eise vir werkers en / of afleggings en / of alter-natiewe maatreëls. Die sentrum/ hoof kan ouers kontak en saam 'n oplossing vind of ouers sal op terme geplaas moet word d.m.v. 'n aanmaningsbrief. Onthou die verpligting teen-oor die skool is nie ophef nie en dat ouers reëlings moet tref. Die skool kan ook aansoek doen om verligting deur middel van die Tydelike Werkgewer/ Werknemer Verligting Skema(TWVS/ TERS).

**Indien 'n ouer laat weet dat hy/ sy tydelik afgelê is en nie tans 'n inkomste verdien nie weens die Covid-19 pandemie, moet ek enige dokumentasie versoek as bewys of aanvaar ek dit maar net so?** Bewyse word benodig as 'n ouer 'n probleem het. Onthou geen persoon mag tydelik afgelê word sonder 'n dokument nie omrede hulle geregtig is op WVF en ander voordele a.g.v. van die pandemie. Die regulasies en basiese reëls is duidelik dat dokumente voorsien moet word. Dus, versoek bewyse want die sentrum kan nie op aanames of beweringe werk nie.

**Watter voorsorgmaatreëls is nodig vir die eienaar wat nie personeel ten volle kan vergoed omdat ouers nie kleuterskoolgelde betaal nie. Kan die WVF uitbetalings genoegsaam wees?** WVF moet geëis word as die sentrum nie salarisse kan betaal nie. WVF betalings is tussen 38-60% van die salaris wat verdien was en dus sal daar nie 'n volle salaris uitbetaling ontvang word nie.

**Wat is die wetlike verpligting sou daar a.g.v. die grendelstaat afleggings kom t.o.v. vergoedingspakkette aan personeel?** Indien personeel afgedank moet word as gevolg van finansies, is daar 'n streng proses en pakkette is ter sprake: Elke werknemer moet 'n week se salaris kry vir elke voltooid jaar diens, verlof uitbetaal word, 'n maand se vergoeding in ruil vir kennisbetaling en 'n pro rata 13de tjeke waar van toepassing asook WVF.

**Hoe lank kan WVF betalings geskied?** WVF betalings is beperk en kan tot 'n jaar uitbetaal maar met glyskale. Verskeie faktore soos hoe lank die persoon bygedra het speel 'n bepalende rol.



**Moet WVF elke maand geëis word?** WVF word geëis as 'n persoon wat maandeliks betaal is werkloos is, en in sommige gevalle, eenmalig. Dus, normale eise word eenmalig gedoen waarna betaling geskied volgens bepaalde vereistes. Vir die Covid-19 situasie is die reëls anders: betalings sal vir maksimum 3 maande geskied en moet daar, elke maand daarvoor aansoek gedoen word.

**Wat gebeur as persoon WVF geëis en ontvang het en dan swanger word. Kan sy weer eis?** Swangerskap en terminering is twee verskillende situasies en daar kan vir beide geëis word. Rakende die pandemie is spesiale WVF ingestel terwyl swangerskap normale WVF is.

**Wat is die verskil tussen 'n wet en 'n regulasie?** 'n Wet en 'n regulasie is beide bindend. 'n Wet ontstaan as gevolg van 'n situasie waarna regulasies uitgereik word om te bepaal hoe die wet toegepas moet word.

**Hoe kan kontrakte aangepas word om voorsiening te maak vir die onvoorsiene?** Kontrakte maak reeds voorsiening vir die onvoorsiene naamlik byvoorbeeld afleggings (*retrenchments*).

**Hoe dwing ek 'n kontrak af teenoor ouers en teenoor personeel in 'n tyd soos nou?** Die partye is kontraktueel verbind. Beide partye moet daarom die kontrakklausules nakom, indien nie kan die benadeelde optree en eis. Dus, kontrakbreuk kan toegepas word. 'n Hofsaak is die gevolg. Met die pandemie is ons almal in dieselfde situasie a.g.v. geen fout van ons eie nie, en sal die benadeelde moet besluit. Dit gaan baie verg om te balanseer omrede beide partye benadeel is deur 'n situasie buite die beheer van beide partye. Aanmanings en/ of gesprekke sal moet plaasvind. Alternatiewelik kan verligting onderhandel word met voorbehoud dat die agterstallige bedrag maandeliks terugbetaal word.

**Hoe maak mens as daar KVBA (Kommissie vir Versoening, Bemiddeling en Arbitrasie) sake voortspruit a.g.v. die grendelstaat?** Enige dispuut kan na die KVBA verwys word vir beslegting maar dit gaan eers later aangehoor word. Ongelukkig sal dit hanteer moet word.

**Kan sentrums grasie vra vir die hersteltydperk t.o.v. betalings nadat grendelstaat ophef is?** As die sentrum nie kan betaal nie moet gekommunikeer word met die personeel en / of verskaffers en banke indien daar lenings ter sprake is. Werknemers kan WVF eis en Werkgewers sal TWVS / FONDSE kan eis maar met verskaffers en banke sal daar tot 'n vergelyk gekom moet word.

-----EINDE-----